

GRAAFF-REINET MUSEUM

VISIE

Ons visie is om 'n instansie te wees wat die kulturele sowel as die natuurlike erfenis van al die inwoners van die Kamdeboo te bewaar en te reflekteer.

MISSIE

Ons te versamel, bewaar, ondersoek en stel ten toon die ryk erfenis en kulturele geskiedenis van die Kamdeboo-area. Sodoende poog ons om die mense in wie se diens ons staan, te vermaak, op te hef en van opvoedkundige waarde te wees.

TRUSTEERAAD

Mnr M.E. Fynney (Voorsitter)	-	Premiersverteenwoordiger
Mev. P. Wallis	-	Premiersverteenwoordiger
Mnr. D. Smith	-	Premiersverteenwoordiger
Mev. E. Buisman	-	Premiersverteenwoordiger (Gekoöpteerd)
Mnr. G. Yalolo	-	Premiersverteenwoordiger (Gekoöpteerd)
Mev. T. Majoka	-	Premiersverteenwoordiger (Gekoöpteerd)
Mev. J. Malherbe	-	Premiersverteenwoordiger (Gekoöpteerd)
Rdl. A. Booyen	-	Premiersverteenwoordiger
Rdl. C. Abels	-	Munisipale Raadsverteenwoordiger
Rdl. I. Reid	-	Munisipale Raadsverteenwoordiger
Mnr. J. Daniels	-	Intekenaarsverteenwoordiger
Mev. H.J.W. Baartman	-	Intekenaarsverteenwoordiger

MUSEUM PERSONEEL

STAATSAMPTENARE

Mev. A.F. Kayster	-	Hoof Museum Geesteswetenskaplike
Mev. J.J. de Gama	-	Senior Hulpdienstebeampte
Me. D.D. van Wyk	-	Hulpdienstebeampte
Mev. N.A. Jacobs	-	Hulpdienstebeampte
Me. V.Z. Pika	-	Hulpdienstebeampte
Me. X.P. Blouw	-	Algemene Assistent
Me. K. Booysen	-	Algemene Assistent
Mnr. J. Isaks	-	Vakmansassistent
Mnr. J. van Rhyners	-	Algemene Assistent
Mnr. J.I. Pylman	-	Algemene Assistent

TRUSTEERRAAD WERKNEMERS

Mnr. D.D. van Wyk	-	Toesighouer
Mnr. Z. Isaks	-	Algemene Assistent
Mev. C. Williams	-	Algemene Assistent

AFLOSPERSONEEL

Mev. H. Baartman
Mev. E. Boggenpoel
Me. Y. Arnesen
Me. L. du Toit
Me. A. le Roux

JAARVERSLAG VAN DIE VOORSITTER VAN DIE TRUSTEERAAD

Nouja, Sokkerkoors het die hele Suid-Afrika in sy kloue – ‘n mens kan maar sê die hele wêreld is vasgevang in die skouspel. Ek wil dus heel eerste in my verslag die hele personeelkorps van die Graaff-Reinet Museum gelukwens met hulle voortreflike ondersteuning en entoesiasme asook hulle suksesvolle aansporing van die Bafana-Bafanaspan om die eerste span te was wat ‘n mylpaal of twee tydens ‘n Wêreldbeker-toernooi te bereik: Bafana-Bafana was die eerste gasheerspan wat tydens ‘n openingswedstryd die eerste doel aangeteken het, ook het die span ‘n tipe oorwinning oor Frankryk behaal, self voorheen wenners van hierdie kompetisie, toe die telling aan die einde van hul wedstryd gelykop gestaan het.

Ek is seker sonder die aansporing van die Graaff-Reinet Museum sou Bafana-Bafana nooit sulke hoogtes bereik het nie. Nou kan Suid-Afrika se span met trots terug sit en die res van die skouspel geniet met die wete dat hulle uiteindelik ‘n span is waarmee daar rekening gehou kan word.

Ons stem almal ook saam dat die Graaff-Reinet Museum self ‘n museum van wêreldgehalte is. Ons boots nie ander museums na nie. Soveel van ons internasionale besoekers, wat self groot

ondersteuners van hulle plaaslike museums is, het ons al geluk gewens met ‘n puik museum in ‘n klein dorpie. Die Museum is alom bekend as ‘n outentieke entiteit, ‘n konsep wat soos ‘n goue draad deur die hele Museum verweef is. Dit begin by die bestuur en personeel van die Museum, tydens hul omgang met die publiek, besoekers, skole, die bewaring van ons geboue en artefakte, die daarstelling van ons uitstallings en aanbieding van ons vertoonstukke. Voorwaar ‘n Museum wat self geskiedenis maak.

Ek is bekend vir my voorkeur vir kort toesprake, dus wil ek graag sommer met die deur in die huis inval, met ‘n saak wat my werklik tot nadenke stem. Ek deel hierdie probleem met u, sodat ons almal, as ‘n hegte vriendekring, ‘n oplossing kan probeer vind.

Hier is die storie : Die Graaff-Reinet Museum ontvang ‘n subsidie van die Departement om die Museum te bestuur en om tot diens van die publiek te wees. Terselfdertyd word die Museum aangemoedig om inisiatief aan die dag te lê, deur nuwe projekte aan te pak, bestaande uitstallings te verbeter en om ‘n diens te lewer aan agtergeblewe gemeenskappe.

In die verlede het die Museum op eie houtjie honderde duisende

Rande ingesamel, met die doel om ons kompleks uit te brei en om plek te maak vir die immer groeiende behoeftes van die gemeenskap.

Saam met hierdie uitbreiding behoort die subsidie proporsioneel te groei. Dit is egter nie die geval nie, en die Museum word genoep om die rieme al dunner te sny. Die probleem is dat die Museum sal kwyn sonder hierdie noodsaaklike uitbreidings en groeiende bronne. Die Departement verwag van die Graaff-Reinet Museum om uit te reik na die gemeenskap op vele wyses.

Die Museum slaag daarin om genoeg inisiatief aan die dag te lê om bronne te vind om aan ons huidige behoeftes te voorsien, maar om bankrotskap in die gesig te staar deur projekte aan te pak wat ons nie kan bekostig nie, sal fataal wees. Die Graaff-Reinet Museum wil graag sy missie gestand doen, om vir ons 'n ondersteuningsbasis te vestig en uit te reik na uiters behoeftige gemeenskappe. Daar word ook beoog om sateliet-eenhede te stig wat deur die Graaff-Reinet Museum bedien sal word.

Dit is hoe die saak staan. Gaan ons die sprong waag en in die proses onself vernietig deur aan te pak wat eintlik ons taak is? In

die proses kan dinge lelik skeef loop.

Ek wil nie aanhoudend hierop hamer nie, maar my deur staan oop vir almal wat 'n oplossing kan bied vir hierdie dilemma.

Ek is van voorneme om saam met die hoof van die Museum die volgende Hoofde van Museums vergadering by te woon, sodat die aangeleentheid op die agenda geplaas kan word en dit onder die aandag van die senior amptenare van die Departement gebring kan word. Hopelik sal die Museum dan sy strewe na gelykheid en doeltreffendheid kan verwensenlik.

Ek glo ook dat die oplossing in die gehoor hier voor my lê. Ons maak staat op u, ons getroue vriende, nie slegs vir u finansiële ondersteuning. Ons verwelkom u samewerking en kreatiewe denke.

Ons noem onself 'n museum wat geskiedenis maak, en ek kan u verseker dat ons geensins kortsigtig is en ook glad nie soos 'n skip sonder roer en rigting rondobber nie, nee, ons planne is neergeskryf en ons visie sterk. Die vraag is egter, moet ons oë toemaak en 'n sprong waag, of moet ons maar liever 'n brug bou.

Baie dankie

JAARVERSLAG VAN DIE HOOF VAN DIE MUSEUM

Tydens 'n onderhoud vir 'n pos waarvoor ek al die pad Kimberley toe gery het, was ek glad nie verbaas toe ek die vraag "Where do you see yourself in ten years?" hoor nie. Ek het per slot van sake deeglike navorsing gedoen en het slag gereed gestaan met 'n ontwerpversantwoord so reg vanaf die Internet. My antwoord het duidelik my ambisie en my verbintenis tot die bewaring van kultuur en erfenis weerspieël en die paneel het gepas beïndruk gelyk.

Vandag, amper tien jaar gelede, kom ek voor dieselfde vraag te staan en die antwoord verskil nie baie van dié van tien jaar gelede nie. Bykomend is egter die besef dat dit moeilik is om jou toekoms te bepaal en dat jy nie eintlik tyd moet verwyd deur daarvoor te peins nie. Vandag besef ek dat mense rondom jou na tien jaar kom en gaan en dat baie van hulle hul stempel op jou afdruk. Natuurlik verander jou omstandighede en daarmee saam jou prioriteite. Minder as tien jaar gelede was akademiese prestasie hoog op my prioriteitslys en selfs dit het gekom en gegaan en 'n bietjie van sy towerkrag verloor.

Vandag besef ek dat ek gebalanseerd wil wees: toegewyd aan my werk, maar ook 'n liefdevolle ouer en eggenoot en

nie noodwendig in dié volgorde nie.

Wat egter nie sal verander nie is dat ek sal voortgaan om my vaardighede, my kennis en vermoëns asook entoesiasme aan te wend tot voordeel van die Museum want my visie vir hierdie museum sal altyd dieselfde bly: 'n instelling wat die bewaring en die behoud van die kulturele sowel as natuurlike erfenis van die Kamdeboo en al sy mense op die hart dra.

PERSONEEL

Hiermee wil ek graag die museumpersoneel 'n staande applous gee. Weer eens het hulle bewys dat hulle hul gewig in goud werd is. Gedurende my vier maande-lange afwesigheid het die senior personeel beurte geneem om op te tree as hoof van die Museum. Sodoende kon hulle eiehandig vertrouwd raak met onder andere konflik-bestuur prosedures, besluitneming en hulle kreatiwiteit en inisiatief vry teuels gee. Al die sleutelemente van bestuur is op 'n professionele wyse toegepas, teikendatums en uitkomst is suksesvol bereik en begrotings en werkswyses is effektief geïmplementeer.

'n Jaar gelede het ek met tevredenheid gemeld dat die organogram volledig is.

Ongelukkig het die nypende personeel tekort veroorsaak dat ons nie altyd in staat was om aan alle areas van dienslewering aandag te gee nie. Dit is te wyte aan die feit dat daar voortdurend uitgebrei is. Die museum-kompleks en tuine, uitstallings en daarmee gepaardgaande funksies het so uitgebrei dat addisionele personeel aangestel moes word waar leemtes ontstaan het. Na Mev. Baartman se uittrede moes alle werksskedules hersien word. Daar is swaar op die personeel gesteun. Hul toewyding en lojaliteit was van onskatbare waarde. Dit het verseker dat die deure van die museum oop bly, veral gedurende naweke. Gelukkig het die Direktoraat van Museums en Erfenis ingestem om vir skoftoelaes te betaal, alhoewel dit maar 'n gesukkel was om die geld betyds en gereeld te kry.

'n Span wat navorsing gedoen het oor die organisasie en werkswyse van die Museum, het die personeeltekort onder die loep geneem en gapings in die posbeskrywings van sekere personeellede ondersoek. Hulle het hulself ook vergewis van die museum se uitleg en vereistes en kon 'n nuwe organogram opstel. Sommige personeellede doen werk buite hulle posbeskrywings maar die nuwe organogram maak voorsiening vir spesialis-poste byvoorbeeld 'n staats-

rekenkundige, ambagsman en uitstal-kunstenaars.

Al hierdie uitdagings het ons inspireer om nog harder as voorheen te werk en om altyd ons heel beste werk te lewer.

Tot my spyt moet ek meld dat Oom Dennis aan die einde van Junie 2010 gaan aftree. Oom Dennis was altyd een van ons steunpilare en ons gaan hom baie mis. Die tyd het egter nou aangebreek vir hom om te gaan rus en sy oudag te geniet. Hy is egter nog beskikbaar vir naweekdiens.

Met ingang 2010 is Mnr. Jacobus Pylman vanaf Burgersdorp Museum oorgeplaas na die Graaff-Reinet Museum. Hy het goed aangepas en is 'n welkome toevoeging tot ons personeel.

Die Museum het baie lief en leed ervaar. Ek en my eggenoot is in Januarie 2010 geseën met 'n gesonde seuntjie, Philip. Me. Pika se klein Cwenga is in November 2009 gebore.


Op 16 November 2009 is my oupa oorlede. In Oktober 2009 is Me. Blouw se lewensmaat skielik oorlede maar het sy weer vreugde ervaar met die geboorte van 'n gesonde kleinkind in Februarie 2010.

Ek wil ook graag my dank uitspreek teenoor die aflospersoneel wat altyd gereed staan in tye van nood om die museums se deure oop te hou.

Dit is met genoë dat ek Mnr. van Rhyners gelukwens met die verkryging van sy bestuurderslisensie. Toe ek met kraamverlof gaan, moes hy sommer dadelik agter die stuurwiel inskuif. Dit het egter gou geblyk dat hy werklik 'n versigtige en wetsgehoorsame bestuurder is. Nogmaals veels geluk.

Alle staatsamptenare ondergaan 'n kwartaal- en jaarlikse evaluasie. Personeel se werksverrigting word op die keper beskou en indien probleme ondervind word, word dit aangespreek. Ek moet almal gelukwens met hul uitstekende resultate. Nadat die evaluasie-proses afgehandel is, is hulle met 'n kontant-bonus beloon vir hulle toewyding en harde werk.

BESOEKERSGETALLE



Besoekers-getalle toon 'n klein verbetering en weer eens kon die Museum 'n boekjaar oorleef,

hoofsaaklik te danke aan die toegangsgeld.

Besoekers is van opinie dat ons museums netjies en skoon is, en dat dit baie goed vergelyk met museums in groter sentra. Natuurlik is dit onmoontlik om ons met die Europese museums te vergelyk, maar dit beteken nie dat ons nie daarna streef nie. Besoekers se arendsoë hou ons op ons tone en wenke vir verbetering word verwelkom.

Die enigste glanspersoon wat die Museum hierdie jaar besoek het, was Steve Hofmeyr. Hy was heel aangenaam, goed gemanierd en vriendelik.

Weer eens het besoekers van heinde en verre die Museum besoek. Soos gewoonlik vind ons die kommentaar in die besoekersboek baie inspirerend: *Heerlike reuk van politoer, pragtige versameling en goed ingeligte personeel. Hier voel ek geanker, verstommende uitstalling, outentieke atmosfeer, 'n wonderlike ervaring saam met Vuyo – een van die dae wat ons lank sal onthou – heerlike huislike atmosfeer – baie netjies en vriendelike ontvangs – SA se verlede in een huis – krakerig en pragtig – een van die beste in SA, - vrot van die geskiedenis (Steve Hofmeyr) – Dennis is so 'n entoesiastiese gids – buitengewoon vriendelik - die Skotte is ook orals (Dorothy & Alan Sutton Smith, Skotland).*

TRANSFORMASIE-PROJEKTE

Soos in die verlede, bly ons toegewyd daaraan om ons uitstallings en infrastruktuur te transformeer. Sedert 2001 is dit die doelwit van die Museum om aandag te skenk aan die versameling en vertolking van die geskiedenis van al die mense in die gemeenskap. Alhoewel 'n gebrek aan fondse die proses gestriem het, kon die Graaff-Reinet Museum weer eens die bul by die horings pak en ander instansies nader vir die nodige fondse. Transformasie kan onmoontlik gemeet word, dit is 'n voortdurende proses wat moontlik eers deur die volgende generasie as afgehandel beskou sal word.

Kort na die aanvangs van die nuwe boekjaar in 2009, het ons weggespring met die viering van Internasionale Museumdag. Die drama *Walking Tall* is by drie voorheen-benadeelde skole in die omgewing vertoon. Die toneelstuk vertel die storie van die evolusie van die mens. Dit het terselfdertyd die geleentheid geskep om die aandag op die museum te plaas.

Benewens talle opvoedkundige programme was ons ook baie gelukkig om die Nasionale Ordes en Simbole uitstalling met behulp van die Buro vir Staatsheraldiek te bekom. Dit het wye media dekking geniet, veral toe die Staatspresident die

Nasionale Ordes op 16 Desember 2009 aan individuele presteerders toegeken het. Die uitstalling is formeel geopen in Januarie 2010.

In die gees van sokker en die FIFA Wêreldbeker Eindstryd, het die Museum die Uyawuzu'u Moya (Dit is hier, Suid-Afrika!) uitstalling op Dinsdag, 15 Junie 2010 met 'n spesiale byeenkoms van Graaff-Reinet sokkerveterane by die Ou Biblioteek Museum geopen. Ses jaar gelede het die idee gestalte gekry en nadat die personeel koppe bymekaar gesit het, is daar besluit om die gemeenskap by die uitstalling te betrek. Dus het die veterane byeengekom om hulle Graaff-Reinet sokkerstories met mekaar te deel. Die uitstalling sal tot die einde van die jaar te sien wees. Een van die panele vertel die Geskiedenis van sokker in Graaff-Reinet.

OPVOEDKUNDIGE PROGRAMME

Die meeste van hierdie programme was daarop gemik om die kollig op museums en hul funksies te plaas. Ons teikengroep was die voorheen-benadeelde leerders en mense wat nog nooit voorheen 'n museum besoek het nie.

Daar is voorafgegaan deur die Rotskuns opvoedkundige program. Dié program was so suksesvol dat dit drie keer gedurende die afgelope boekjaar herhaal is. Plaasskole in die

omgewing, leerders van die Sondagsriviervallei en graad 4 leerders van 'Union Preparatory School' het by dié opvoedkundige program gebaat.

Die Historiese Geboue opvoedkundige program het nou 'n jaarlikse instelling geword. Weer eens het ons "akteurs" hulle verskyning regoor die dorp in verskillende historiese geboue gemaak en die leerders verras. Dit bly 'n wenner. Benewens ons gereelde samewerkers, het Mnr. Charles Maasdorp hierdie keer die rol van 'n 'Cold Stream Guard' by die Kruithuis gespeel en het hy die leerlinge ook vermaak deur deuntjies op sy beuel te blaas.

Dankie aan al die Vriende van die Museum wat altyd gewillig is as daar op hulle nommer gedruk word.

Behalwe die opvoedkundige programme, het daar meer as 'n duisend leerders deur ons deure gestroom. Van regoor die land het hulle hierheen gereis – Tarkastad, Grahamstad, Mosselbaai, Uniondale, Kroonvale, Pearston en Saldanhabaai, om maar net 'n paar te noem.

SKENKINGS

'n Kasboek van 1842 is deur die Munisipaliteit geskenk. Mnr. Kroon het die inligting oor die Van Ryneveldspasdam aangevul. In sy testament het Mnr S G

Wolhüter 'n aansienlike bedrag aan die Museum nagelaat. Oorlogsmedaljes en boeke vorm ook deel van die erflating. Die Museum is diep dankbaar en het foto's van die uitstalling aan sy weduwee gestuur.

'n Egpaar van Skotland het 'n panorama van die inwyding van die spoorweg in Graaff-Reinet geskenk. Ook is 'n kombors wat uit die Anglo-Boereoorlog dateer deur 'n weldoener van Murraysburg geskenk.

Ons doen 'n beroep op die publiek om moderne en kontemporêre klere, asook kostuums te skenk vir 'n klerebank wat tydens fondsinsamelingsprojekte gebruik kan word.

DIE WEBTUISTE

Mark Senekal was verantwoordelik vir die ontwerp van 'n nuwe webwerf vir die museum. Die aantreklike webtuiste, saam met die nuwe briefhoof wat as opskrif dien, skep 'n keurige, outydse voorkoms. Besoek dit gerus, dit is verbruikersvriendelik en u is welkom om kommentaar te lewer.

MEDIADEKKING EN PUBLIEKE SKAKELING

Stadig oor die Klippe, 'n reisprogram op die KYKnet kanaal, het Reinethuis besoek. Die insetsel is gedurende November 2009 gebeeldsend. So

het ek my suksesvolle debuut op televisie gemaak.

Die 'Sunday Times' het ook met my 'n onderhoud gevoer oor die historiese geboue in Graaff-Reinet. 'n Berig oor *Walking Tall*, wat tydens Internasionale Museumdag aangebied is, het in Die Oos-Kaap Burger verskyn.

Ek het 'n artikel geskryf wat in die *Cape Librarian* in die Julie/Augustus 2009-uitgawe gepubliseer is.

MONDELINGE OORLEWERINGE-PROJEK

Hierdie projek wat ook 'n transformasieprojek is, het bykans doodgeloop tydens my lang afwesigheid. Die voorsitter, Eerwaarde Nancy Charton is ook beseer nadat sy geval het. Met my terugkeer moes daar dadelik weer hand aan die ploeg geslaan word. Daar was wel van die lede wat deurentyd aandag aan die projek geskenk het. Hulle het ook pogings aangewend om fondse te bekom.

Die program is hervat met die onderhoude wat met sokker-veterane gevoer is. As daar enige name is van persone wat na u mening op die lys geplaas moet word, kan ons u asseblief so gou moontlik laat weet.

Die onderhoudvoerders is besig om stadig maar seker die mondelinge geskiedenis op te teken. Die Museum sal graag

eendag al hierdie geskiedenis saamvat in 'n bundel en as dokumentêr, verfilm.

PUBLIEKE ENTITEIT STATUS

Ons status as publieke entiteit is nog steeds 'n druk bespreekte onderwerp, veral nadat 'n advertensie in koerante geplaas is wat die publiek uitnoui om aansoek te doen om op die Trusteeraad te dien. Dit was werklik verwarrend, want in die nuwe Museumwet bestaan daar nie iets soos 'n Trusteeraad nie. Dit plaas die Direktoraat van Museums reg onder skoot.

Ek kan ongelukkig nie kommentaar lewer nie, behalwe om te noem dat daadwerklike pogings aangewend word om die Museumwet te wysig.

FONDSINSAMELING

Gedurende die afgelope boekjaar het die Trusteeraad besluit om 'n meer pro-aktiewe fondsinsameling van stapel te stuur. Die staatssubsidie is nie naasteby genoeg om kop bo water te hou nie. Die blote feit dat die subsidie nie saam met die inflasiekoers groei nie, veroorsaak dat die Museum noodgedwonge op ander maniere fondse moet bekom.

Ons eerste poging was *Nag in die Museum*. Dit het goeie organisasie en versigtige beplanning geverg. Lede van die publiek is vergas op 'n besoek

aan die museum, waartydens akteurs stories vertel het. Die Museum is geloof vir die wonderlike aanbieding en daar is dadelik aangedring dat dit 'n jaarliks instelling word. Ons sal dit met groot plesier doen.

Ons jaarlikse straatmark was eweneens 'n reuse sukses. Nogmaals baie dankie aan almal wat ons straatmark so getrou ondersteun, in 2009, en ook weer in Junie 2010.

Die Museum is ook dank verskuldig aan 'Stephan Welz & Co.', wat weer eens 'n baie suksesvolle waardering van die publiek se kosbaarhede gedoen het. Al die geld wat ingesamel is, is aan die Museum geskenk.

Daar lê 'n hele paar fondsinsamelings-projekte voor die deur. Ons vra u om geduld te hê met al ons pogings en u ondersteuning sal met groot dank aanvaar word.

ONDERHOUD

'n Jaar of wat gelede was daar langs Reinethuis net 'n barre lappie grond. Mnr. Van Rhyners het nie hiermee genoë geneem nie en hy het besluit om 'n tuin daar aan te lê. Vandag is dit 'n lus vir die oog. Die publiek is baie gretig om hulle troufoto's en matriekafskeidsfoto's daar te laat neem.

Daar is feitlik geen fondse vir die onderhoud van geboue beskikbaar nie. Die personeel

doen egter hulle bes en die Algemene Assistentie het besluit om hulle eie bekwaamhede en handvaardigheid vir dié doel aan te wend. Hulle maak die skuifvensters reg, kalk die geboue, en herstel elektriese toerusting. Die afgelope tyd is Reinethuis se agterkant gekalk en die deure met insekdoder behandel. Die deure is ook afgeskuur en geverf.

Mnr. van Rhyners moet gereeld dakke, hortjies en geute wat gedurende reënstorms beskadig word, herstel. Hy is baie handig daarmee.

Voortdurende onderhoud aan geboue en die persele is van die grootste belang, sodat die museums se keurige voorkoms die dorp se voortrefflike reputasie gestand kan doen.

Op die oomblik is al die manlike personelede besig om die res van Reinethuis, die Ou Residensie en Urquharthuis af te wit. Aangesien die Museum nie 'n kontrakteur se dienste kan bekostig nie, moet daar maar ander planne beraam word om self onderhoudswerk te doen.

DIE PETER FLACK PROJEK

Ongelukkig is daar nie veel waaroor ek in heirdie verband verslag kan lewer nie, aangesien die Kamdeboo Munisipaliteit slegs 'n paar vergaderings belê het. Volgens Mnr. Zorb Caryer, Mnr. Flack se verteenwoordiger,

is 'n konsultant aangestel om die nodige fondse te genereer om 'n Natuur-Historiese Museum op die been te bring. Dit is nog onseker waar die museum gebou sal word, hetsy op museumterrein of op 'n ander terrein. U sal op hoogte gehou word.

NUWE MUSEUM-URE EN VERHOGING VAN TOEGANGSGELD

Mettertyd is daar waargeneem dat baie min besoekers Saterdag- en Sondagmiddae ontvang word. Die Raad het vervolgens ingestem om die besoekersure te verander en jaarliks vanaf 1 Julie tot 31 Augustus verkorte winter-toegangstye in werking te stel.

Dit is nie koste-effektief om die museums te beman en langer ure te handhaaf as daar geen toegangsgeld ontvang word nie. Soms is dit so stil dat dit nie die salarisse van die aflospersoneel regverdig nie. Om teen 'n verlies te werk is heeltemal onnodig, veral as dienslewering nie geskaad word deur alternatiewe reëlins te tref nie.

Na ernstige oorweging het die Raad besluit om die toegangsfooi te vermeerder. Die lewenskoste het so gestyg, en daarmee saam vreet inflasie aan die sak. Besoekersgetalle het nie gedaal nie, en geen klagtes is ontvang oor die verhoogde tariewe nie. 'n Nuwe, meer doeltreffende kaartjiesisteen is ook in werking

gestel, om van elke sent wat ontvang word, rekenskap te gee.

WINTER-BESOEKURE

Reinethuis

Maandag tot Vrydag:

08h00 – 16h30

Saterdag: 09h00 – 14h00

Sondag: 09h00 – 14h00

Ou Biblioteek

Maandag tot Vrydag:

08h00 – 13h00 & 13h45 – 16h30

Saterdag: 09h00 – 14h00

Sondag: 09h00 – 14h00

Ou Residensie

Maandag tot Vrydag:

08h00 – 13h00 & 13h45 – 16h30

Saterdag: 09h00 – 12h00

Sondag: 09h00 – 12h00

Urquharhuis

Maandag tot Vrydag:

08h00 – 13h00 & 13h45 – 16h30

Saterdag: 09h00 – 12h00

Sondag: GESLUIT

Militêre Geskiedenis Museum

Maandag tot Vrydag:

08h00 – 13h00 & 13h45 – 16h30

Saterdag: 09h00 – 12h00

Sondag: 09h00 – 12h00

PROVINSIALE STRATEGIESE BEPLANNINGS- VERGADERING

Op 14 en 15 Oktober 2009 was die Graaff-Reinet Museum gasheer vir die Provinsiale Strategiese

Beplanningsvergadering. Dit het geweldig baie beplanning geverg, maar was 'n dawerende sukses. Weer eens kon ons

bewys dat goeie organisasie die wiele seepglad laat loop.

DIE UURGLAS

Die Museum is van voorneme om *Die Uurglas* twee keer per jaar te publiseer. Ongelukkig kan ons dit nie meer bekostig om *Die Uurglas* te stuur aan diegene wie se subskripsie nie betaal is nie.

Dames en Here, ter afsluiting: ek is terug met nuwe entoesiasme en nuwe planne. Daar is niks beter as 'n vier maande-lange vakansie om kop skoon te maak en aan nuwe idees te werk nie.

Graag wil ek almal hartlik bedank wat ons so getrou finansiell en moreel steun. Ons taak is 'n gemeenskapstaak, maar ons kan dit nie doen sonder u volgehoue ondersteuning nie.

Graag wil ek ons vennote in toerisme en die bewaring van erfenis bedank vir hul ondersteuning, onder andere Tercia Moos en Sandi Will by die Toerisme kantoor, Mariette, Corrie, Barbara en Mariaan by die Advertiser en Chantelle en Buks Marais van Karoopark Gastehuis.